18930 —
18972
Vol 332

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

1988 Vol. 332 Pg. 18930 - 18972

**SAAKNOMMER: CC 482/85** — PRETORIA

1988-01-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 332

(Bladsye 18 930 - 18 972)

HOF HERVAT OM 14h00 OP 25 JANUARIE 1988.

VICTOR MATABANE MBATYAZWA, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Voordat mnr. Fick vir u vrae vra, wil ek vir u 'n vraag vra. Ek is 'n bietjie ontsteld oor hierdie feit dat die mense gesê het dat hulle omkoopgeld moes betaal om huise te bekom. Kan u vir my hulle name en adresse gee, asseblief? -- Ek het nie by hierdie mense se huise aangedoen nie, dus weet ek nie wat die mense se adresse is nie. Ons het net met mekaar gesels by plekke waar ons mekaar ontmoet het.

Wat is hulle name? -- Dit is ook vir my moeilik om die mense se name te kan gee, want partykeer ken jy 'n mens van sien. Partykeer ken jy hom by sy van of by sy naam, of jy ken hom net as 'n man wat jy baiemaal sien. Dan kan jy nie sê wat sy naam is nie.

So, jy ken nie hulle name nie? -- Nee.

Weet jy waar hulle werk? -- Nee, van hulle het saam met my gewerk destyds.

Werk hulle nog saam met u? -- Nee.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Daar is nie met een naam en adres waarmee u die hof behulpsaam kan wees nie? -- Nee.

In die algemeen wil ek by u vasstel, is u 'n man wat gereeld openbare vergaderings bygewoon het in die tydperk 1983 tot 1985? -- Ek het nie vergaderings bygewoon destyds nie, behalwe die vergaderings van my organisasie. Dit is die werkers se organisasie. Daar is nog 'n ding wat ek uitgelaat het hier? -- Nou het iets my bygeval op u vraag. Ek was by mev. Phosisi ook gewees aangaande die posisie van 'n huis. Sy is een van die mense wat vir my gesê het as daar mense is wat uit die huise uitgesit word omdat hulle

agterstallig/...

agterstallig is met die huur, wat omtrent R300,00 kan beloop, as ek bereid is om daardie agterstallige huur te betaal, sal ꞌn huis aan my toegeken kan word. Dit is nou na die onluste in Sharpeville.

HOF : Dit is na die onluste wat sy so gesê het? -- Ja.

MNR. FICK : Behalwe die vergaderings wat u van gepraat het van 5 Augustus, 12 Augustus en 19 Augustus 1984, het u enige ander openbare vergaderings bygewoon in die Vaaldriehoek in 1984?

HOF : Nie vakbondvergaderings nie? Want hy het u netnou geantwoord op daardie vraag, behalwe die vakbond?

MNR. FICK : Ja, nie vakbondvergaderings nie? -- Nee, geen.

Wanneer is u genader om getuienis in hierdie saak te gee vir die eerste keer? -- Dit was in Aprilmaand 1986.

Wanneer is u verklaring geneem? -- Dit was op daardie tydstip wat ek ꞌn verklaring gemaak het. Ek het nie weer ꞌn ander verklaring gemaak nie.

U het seker nie enige notas gemaak van wat op die vergaderings gesê is wat u bygewoon het hier in Augustus 1984 voordat ꞌn verklaring by u geneem is nie? -- Nee.

Nou wil ek aan u stel dat u geheue oor die vergadering van 12 Augustus 1984 is uiters swak? -- Hoekom sê u my geheue is swak?

Ek sal vir u sê hoekom. Onder andere, die persoon Peter Hlubi - ken u die naam Peter Hlubi? -- U stelling was my geheue is nie goed oor die gebeure van wat daar by die vergadering van 12 Augustus plaasgevind het nie. Nou vra ek hoekom sê u so?

HOF : Ja, maar eers word nou aan u gevra ken u vir Peter Hlubi? -- Ek ken hom nie.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : U sien, volgens die verdediging was Peter Hlubi die voorsitter gewees op die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ek ontken dit nie. Ek sê ek weet nie wat daardie persoon se naam is nie.

Maar daardie persoon het u vir die hof gesê ook het u die eerste keer gesien op die vergadering van 19 Augustus? -- Om op te let dat hy as 'n voorsitter daar optree, want op die 12de toe ons daar vergader het, was dit met die oog daarop om besprekings uit te voer aangaande dit wat ons gepla het. Dit was nie duidelik gemaak wie die voorsitter was by daardie vergadering nie, want ons het almal daar gepraat. Daar was niemand wat 'n vinger gewys het op 'n ander een en gesê het "Jy moet nou praat" nie.

Nou sal ek vir u sê dat die persoon wat die voorsitter was op 19 Augustus se vergadering volgens die verdediging is dieselfde man as wat 'n toespraak gemaak het op 12 Augustus se verklaring en beskuldigde nr. 3 ondersteun het in sy toespraak oor die resolusies? -- Ek stem nie saam met hulle nie.

Het daar enige dames, vrouens gepraat op die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Ja.

Het jy enige van die dames geken wat gepraat het op 12 Augustus 1984? -- Ja, daar is een wat ek geken het.

Watter een? -- Nozipho Myeza.

Het u haar na 12 augustus 1984 weer gesien op 'n vergadering? -- As u praat van op 'n vergadering dan verstaan ek nie.

Op die openbare vergadering van 19 Augustus? -- Ek het haar weer gesien.

Het sy deelgeneem aan die verrigtinge van die vergadering? Het sy gepraat? -- By watter vergadering praat ons nou van? Want u het nou gepraat van twee vergaderings?

19 Augustus 1984? -- Sy het nie op die 19de gepraat nie.

Van waar ken u vir Nozipho Myeza? -- Ek ken haar van kleinsaf. Ek ken tot haar ouers.

HOF : Kom sy uit Herschel? -- Ja.

MNR. FICK : U het in u hoofgetuienis gesê dat beskuldigde nr. 3 het op die vergadering van 12 Augustus 1984 - ons sal nou net by hierdie vergadering hou - verduidelik dat hierdie vergadering gehou word en dit is 'n resultaat van die inwoners en van lede van die gemeente? -- Dit is so.

Het beskuldigde nr. 3 verduidelik watter inwoners praat hy van wat versoek het dat hierdie vergadering gehou moet word? -- Inwoners van Sharpeville het hy gesê.

Op die vergadering van 12 Augustus 1984 het iemand notule gehou? -- Nee, ek het niemand gesien wat notule gehou het nie.

Was daar 'n tafel voor in die saal waar die vergadering gehou was waar mense gesit het? -- Daar was 'n klein tafeltjie gewees waar by die predikant gestaan het en hy het sy Bybel daar op neergesit.

Is dit beskuldigde nr. 3 wat sal praat? -- Eerwaarde Moselane.

Het daar behalwe by hierdie tafeltjie waar beskuldigde nr. 3 gestaan het enige ander mense gesit? -- Daardie plek was vol gewees, voor en agter hom was daar mense gewees.

HOF : Ja, maar die vraag is sit. Het die mense voor en agter hom gestaan of het hulle almal gesit? -- Van die mense het gesit en van hulle het gestaan omdat daar nie stoele was om op te sit nie.

MNR. FICK : Ek het u netnou gevra oor 'n persoon wat notule gehou het, sou hierdie persoon as hy daar gesit het voor in die kerk en notule gehou het - sou u hom gesien het? -- Ek

kan/...

kan dit nie met sekerheid sê of ek die persoon sou gesien het nie.

Is daar verduidelik wie het hierdie vergadering gereël? -- Die predikant het vroeër daar gesê dat mense wat gevra het dat hierdie vergadering gehou word is die inwoners van Sharpeville.

Het niemand op die vergadering gesê of daar enige komitee is of enige organisasie wie se vergadering dit nou hierdie is wat dit gereël het nie? -- Nee, niemand nie.

Op 12 Augustus 1984 was daar enige baniere in die kerk of op die tafel? -- Ek het dit nie met my eie oë gesien nie.

Beskuldigde nr. 3, toe hy die vergadering geopen het, het hy verwys na die gedeelte in die Bybel oor die Israeliete se onderdrukking deur die Egiptenare? -- Ja, toe hy van die Bybel gelees het, die stuk wat hy gelees het, het daaroor gehandel.

En hy het toe die vergelyking getref, is dit reg, van die probleme van die inwoners met die raadslede min of meer dieselfde as dié van die Israeliete deur die Farao's van Egipte? -- Nee, nie op daardie manier nie.

Het hy na die Farao's en die onderdrukking van die Israeliete verwys enigsins? -- Dit het hy genoem en gesê die onderdrukking van die Egiptenare deur die Israeliete ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Nee, dit is seker anders om? -- Ja, anders om.

Israeliete deur die Egiptenare? -- Deur die Egiptenare is eintlik wat ŉ mens van kan praat in die sin dat as daar onderdrukking is, is dit nie iets nuuts nie. Dit was al daar gewees in die verlede. Dit is hoe hy dit genoem het. Dat dit nie ŉ nuwe ding is as mense onderdruk word nie.

Hy het toe verder gesê die Here het daar 'n bewys gegee dat hy gebruik gemaak het van Moses om hulle vry te stel van daardie onderdrukking. (Mnr. Fick kom tussenbei)

MNR. FICK : Ek stel nie belang om verder te hoor wat hy gesê het nie. Ek het net daardie een vraag gevra.

HOF : U wil nie hoor of nr. 3 dalk Moses was nie? -- Mag ek voltooi wat ek wou gesê het?

Maak klaar. -- Hy het toe verder gesê as mense wat die pyn voel, glo aan die Here en die Here gebid waar hulle bymekaar is, dan sal die Here 'n antwoord gee. Die Here sal antwoord op hierdie probleem. Dit is wat hy gesê het.

MNR. FICK : Behalwe nou dat hy uit die Bybel gelees het en 'n stukkie gepreek het, het hy nog 'n aparte toespraak gemaak, beskuldigde nr. 3, of nie? -- Behalwe wat ek alreeds genoem het byvoorbeeld dat hy gesê het hoe dit gekom het dat daardie vergadering daar gehou is en wat daar gesê was wat se prosedure gevolg kan word wat betref die petisie en/of die regverdigheid van hierdie verhoging en dat hy uit die Bybel gelees het soos ek dit nou net genoem het, het hy niks verder gesê nie.

Weet u wie na beskuldigde nr. 3 gepraat het op die vergadering? Net ja of nee? -- Hierdie gebeure het lank gelede plaasgevind. As iets miskien genoem kan word, dalk sal ek onthou dat hy wel iets nog gesê het.

HOF : Nee, nee, dit is nie die vraag nie. Die vraag is na beskuldigde nr. 3, onthou u wie gepraat het? -- Ons is nog op die 12de?

Ja? -- Ek kan nie so goed onthou nie, want daar is baie mense wat gepraat het. Dit is nie net een persoon wat daar gepraat het nie.

MNR. FICK : ʼn Volgende vraag. Weet u wanneer Nozipho Myeza op die vergadering van 12 Augustus 1984 gepraat het? Onmiddellik na beskuldigde nr. 3 of weet u nie? -- Ek kan nie die volgorde onthou nie. Ek weet net dat sy gepraat het. Na wie sy gepraat het, kan ek nie onthou nie.

Ken u ʼn polisiebeampte met die naam van Mokgema? -- Nee.

Weet u of daar iemand gepraat het op die vergadering en gesê het "Maar kyk, die huurverhogings gaan gebruik word vir meer behuising vir ons mense"? -- Ek het dit nie gehoor met my ore nie.

U sien, beskuldigde nr. 3 sê vir die hof op volume 229 bladsy 12 188 dat daar ʼn polisieman Mokgema gepraat het en hy het gesê die huurverhoging gaan gebruik word vir bykomstige behuising. Is daar enige rede waarom u hierdie man nie gehoor het nie? -- Mense by dieselfde vergadering sal nie alles presies kan hoor soos dit daar gesê word nie. Dit kan wees dat dit wel gesê was. Ek het dit nie gehoor nie en hy het dit gehoor. Ek betwis dit nie.

Kan u bevestig dat daar op hierdie vergadering gesê is selfs die raadslede moet hierdie verhoogde huur betaal? -- Ek kan nie onthou dat ek dit gehoor het nie. Daarby bedoel ek dit kan wees dat dit wel so gesê was, maar ek het dit nie gehoor nie.

Kan dit ook wees dat daar gesê was deur van die sprekers op die vergadering dat die raadslede het onderneem hulle sal met die werkgewers gaan praat sodat die mense se lone verhoog word, dié wat nie die verhoogde huur kan betaal nie? -- Herhaal dit.

Is daar enigeen wat op die vergadering gesê het van die sprekers? Weet u of weet u nie? Van die raadslede het

gesê/...

gesê hulle sal met die werkgewers gaan praat, van die mense wat nie die verhoogde huur kan betaal nie sodat hulle die lone kan verhoog? -- Ek onthou dit so vaagweg dat iets van daardie aard gesê was. Ek kan dit nie so goed onthou nie.

Is dit korrek dat in die algemeen het die sprekers die raadslede aangeval en gesê hulle is die mense wat verantwoordelik is vir die verhoogde huur? -- Dit was nie 'n beskuldiging nie. Dit was gesê omdat hulle self gesê het dat hulle verantwoordelik was vir die verhoging van die huur.

Op die vergadering van 12 Augustus 1984 is die resolusies weer herbevestig dat raadslede moet bedank? Is dit reg?

HOF : Herbevestig?

MNR. FICK : Geneem. Ekskuus, ek het die verkeerde vergadering beet. Op 12 Augustus 1984 is daar 'n resolusie geneem dat die raadslede moet bedank. Is dit reg? -- Ja.

Maar voor hierdie resolusie geneem is was daar tog 'n bespreking gewees oor hoekom moet die raadslede bedank? -- Ja, dit is belangrik.

In daardie bespreking van die verskillende sprekers, het hulle gesê die raadslede is verantwoordelik vir die verhoging, daarom moet hulle bedank? Dit is een van die redes? -- Ek sal u sê, hierdie woord wat u gebruik dat die mense gesê het dat die raadslede moet bedank omdat hulle die huur verhoog het, sal ek u vra om dit terug te trek, want dit was die raadslede self wat aan die gemeenskap gesê het dat hulle as raadslede verantwoordelik is vir die verhoging van die huur.

Miskien 'n laaste vraag op hierdie manier. Hoekom het die sprekers gesê op die vergadering moet die raadslede

bedank/...

bedank? -- Wat gesê is is dat die raadslede sonder om die gemeenskap te nader het hulle besluit dat die huurgeld moet verhoog word en sonder samesprekings met die gemeenskap het hulle die huur verhoog en dit het gegaan teen die beloftes wat hulle gemaak het.

U persoonlik, dra u enige persoonlike kennis dat u ŉ raadslid self gehoor sê het dat ek sal nooit huurgelde verhoogo nie? -- Die raadslede het mense wat namens die raadslede daar organiseer en die mense praat namens die raadslede. Dit is die mense wat sê wat die raadslede van plan is om te doen en wat gesê word deur die raadslid oorgedra moet word.

Watter mense ken u wat sulke beloftes gemaak het aan die raadslede, wat nou namens die raadslede organiseer? -- Mense wat loop en iets sê vra jy nooit gewoonlik nie. As ŉ man preek, preek hy in hakies, in die sin dat ŉ persoon wat gestuur is om vir mense te gaan loop en iets sê, vra jy nooit wie hy is nie. Jy luister net na wat die persoon vir jou sê moet oorgedra word aan jou, want daardie persoon praat namens die persoon vir wie hy besig is om te werf.

Net een vragie. U kan net sê ja of nee. Is aan u persoonlik ooit gesê deur enigiemand, of dit nou ŉ raadslid is of ŉ organiseerder van ŉ raadslid dat die huur sal nooit verhoog nie? Net ja of nee? -- Nee, niemand het persoonlik dit aan my gesê nie.

U het maar op die vergadering gehoor, stel ek dit aan u, as u dit gehoor het dat daar sulke beloftes gemaak was? -- Nee, u kan nie by daardie punt verby kom nie. Dit word gesê op die busse, tussen die inwoners dat dit die boodskap is van hierdie mense af.

Het/...

Het u op die vergadering van 12 Augustus saamgestem met hierdie resolusie dat raadslede gevra moet word om te bedank onder andere omdat hulle nie hulle beloftes hou nie? -- O ja, baie goed.

Het enigiemand op daardie vergadering van 5 Augustus waar u was vir die raadslid gesê, vir enige raadslid gevra "Het julle sulke beloftes gemaak? Het julle die organiseerders die reg gegee om sulke beloftes namens julle te maak en wat sê julle daarvan? -- Soos wat? Wat is die stelling?

Het u of enigiemand anders op die vergadering van 5 Augustus 1984 met die raadslede opgestaan en vir die raadslede gevra "Hier lê stories rond dat julle sulke beloftes gemaak het om nooit die huur te verhoog as julle verkies word nie. Is dit die waarheid? Het julle sulke beloftes gemaak? Het julle julle organiseerders die reg gegee om sulke beloftes te maak" en te hoor wat sê hulle? -- Daar was 'n vraag wat gevra was direk van hulle, maar nie presies op die manier waarop die vraag aan my gestel word nie.

Is dit dan reg om te sê dat niemand het direk vir die raadslede gevra "Het julle sulke beloftes gemaak?" nie? -- Nie op dié manier waarop u dit aan my stel nie. Daar was wel 'n vraag tot daardie effek.

Aan wie? -- Deur Paul Nhlapo.

Aan 'n spesifieke raadslid of het hy die vraag in die algemeen gevra? -- Daar was ses raadslede teenwoordig daar voor en die vraag was bedoel vir enigeen van die raadslede om daarop te antwoord, wie ook al dit was wat besluit het om daarop te antwoord.

Wat het Paul Nhlapo gesê op 5 Augustus 1984? -- Sy

vraag/...

vraag was, dit is nie lank wat ons hierdie raadslede op die raad gekies het nie en net voor die verkiesings het hulle belowe dat daar geen huurverhoging gaan wees nie en tweedens, dat hulle na die toestande gaan kyk van die mense se lewens. Hulle het ons nie genader nie. Dit is vandag waar hulle na ons toe kom en sê die huur is verhoog.

Nou wil ek dit aan u stel dat die stukkie wat u nou ingesit het oor Paul Nhlapo wat sou gesê het dat hulle belowe hulle gaan nie die huur verhoog nie, is 'n ding wat u nou ingesit het. Dit is nie in hoofgetuienis so gestel wat u nou gesê het nie. Daardie stukkie is uitgelaat? -- Het u my vantevore hierdie vraag gevra?

Nee, u het u hoofgetuienis gegee en toe het u hierdie stukkie wat Paul Nhlapo sou gesê het uitgelaat?

MR BIZOS : The note that my attorney has made whilst I was leading the witness contradicts Mr Fick's suggestion to the witness.

HOF : Stel u aan hom die hele gedeelte of wat stel u aan hom? Watter stukkie presies sê u is uitgelaat?

MNR. FICK : Die stukkie, volgens my notas, dat Paul Nhlapo sou gesê het "Maar julle raadslede het belowe julle sal nooit die huur opsit nie en nou het julle dit gedoen." Ek het hier net dat hy verwys het daarna dat die raadslede het onderneem om ondersoek in te stel na hulle lewensomstandighede.

HOF : Ja, dit is ook my nota.

MR BIZOS : The note that I have reads "Sonder om die huur te verhoog."

COURT : Ja, dit is reg. "Promised to look at our conditions without increasing the rent. Now they tell us they have increased the rent. Hoe kry u prokureur dit reg om in

Afrikaans/...

Afrikaans af te neem as die getuienis in Engels afgelê word? Dit moet fantasties wees eintlik.

MR BIZOS : It just goes to show how one can be influenced by extraneous factors. -- Mag ek asseblief vra dat die staatsadvokaat my nie in die rede val nie. As hy my 'n vraag gevra het, moet hy wag dat ek 'n volledige antwoord gee voor hy my in die rede val.

HOF : Ja-nee, ek stem daarmee saam. U moet net u antwoorde beperk tot die vrae. Nie wydlopend wees nie. -- Nee, maar hy het gevra ek moet verduidelik. Dit was 'n antwoord op sy vraag.

Ons het hom nou gekorrigeer. Ons wag nou op sy volgende vraag.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u daar was 'n voorsitter by hierdie vergadering van 12 Augustus 1984 en die mense het nie maar net een na die ander opgestaan soos hulle wat gevoel het en dan begin toesprake maak nie. -- As u miskien vir my kan sê wie daardie voorsitter gekies het, dan sal ek miskien saam met u stem, want volgens my word 'n voorsitter gekies.

Was daar enige verkiesing van voorsitters op die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ek verstaan nou nie. Ek het hier in antwoord 'n vraag gevra.

HOF : Dit is 'n maklike vraag. -- En daardie vraag van my is nie beantwoord nie.

U moet nie vrae vra nie. Die advokaat se funksie is om vrae te vra en u funksie is om die vrae te antwoord. -- Laat hy maar aangaan met die vraag dan.

Die vraag wat gevra word is daar 'n voorsitter gekies op die vergadering van 19 Augustus? -- Dit kon gewees het dat daar 'n voorsitter gekies was. Omdat ons hierdie dag

besig/...

besig was met die resolusies.

Wat is nou u antwoord? Was daar ŉ voorsitter verkies of nie ŉ voorsitter verkies om 19 Augustus nie? -- Nie by die vergadering nie.

MNR. FICK : Maar was daar op 19 Augustus wel ŉ voorsitter by die vergadering? -- Ja, daar was, want hy is die persoon wat die resolusies gelees het.

Ek stel dit aan u u geheue oor die vergadering van 12 Augustus is so swak dat u nie eers weet of daar ŉ voorsitter was nie? -- Op ŉ vraag het ek vir u gevra hoekom sê u dit. U het nog nie vir my gesê hoekom u dit gesê het nie.

Ek sal vir u sê hoekom sê ek dit. U weet nie of daar ŉ banier was nie. Daar was ŉ banier volgens al die getuienis.

MR BIZOS : It is not correct in relation to the meeting of the 12th. In fact the evidence of Miss Nozipho Myeza was that she made it out of cloth between the meeting of the 12th and the 19th.

MNR. FICK : Ek het volume 229 bladsy 12 182. Dit is nou nie my nota nie, maar ek het die nota hier "Die oggend van 12 Augustus 1984 het Nozipho ŉ banier na beskuldigde gebring en gevra of hulle dit die middag by die kerk by die vergadering kan aanbring. Dit was tuis gemaak met die woorde 'Asina mali - Ha rena tjelete.'"

MR BIZOS : The evidence of Nozipho was definite. The question was - all the evidence from all the witnesses was to this effect.

HOF : U stelling was dat al die getuies dit gesê het.

MNR. FICK : Ek is nie in staat om te sê of al die getuies dit gesê het nie. Ek het net hierdie nota wat op 229 volgens

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 3 verskyn op bladsy 12 182.

HOF : Stel dit aan hom dat beskuldigde nr. 3 sê dat die banier in die kerk was.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 3, wie se kerk dit is, het in hierdie hof getuig dat daar 'n banier op die vergadering van 12 Augustus 1984 was? -- Ek het nie gesê dat daar nie een was nie. Ek het gesê ek het dit nie opgelet nie.

Ek wil dan oorgaan na die vergadering van 19 Augustus 1984? Is dit reg, u was by die vergadering voor hy begin het? -- Ja.

Toe u by die vergadering aankom, was die kerk oop of was hy toe? -- Met my aankoms was die kerk al oop.

En toe u daar inkom, het u vir beskuldigde nr. 3 al in die kerk gesien of was hy nog nie daar nie of wat is die posisie, of weet u nie? -- Met my aankoms daar was hy alreeds daar. Selfs nog ander mense was ook by.

HOF : In die kerk? -- Ja.

MNR. FICK : Het daar enige mense voor op 'n verhoog gesit toe u by die kerk kom? -- Ja, want daar was al mense gewees daar. Ek sal u sê, daar was nie meer plek daar voor nie. Daar was net 'n klein openinkie wat ek kan beskryf as 'n deurgang tussen die mense.

Was die kerk al vol gewees toe u daar aankom? -- Aan die voorkant, ja, maar nie na agter toe nie.

Was die kerk al half vol? -- Ek sê na die voorkant toe van die kerk was dit vol gewees, maar om na agter toe te gaan, die agterste gedeelte van die kerkgebou, was nie vol gewees nie.

Het u op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 enige baniere of plakkate gesien in die kerk? -- Selfs hierdie

dag/...

dag het ek dit nie gesien nie, want ek het nie daarna opgelet nie.

Wie was saam met beskuldigde nr. 3 voor in die kerk? Weet u? -- Wie? Ek?

Nee, ek vra vir u, daar waar u beskuldigde nr. 3 gesien het voor in die kerk, wie was daar saam met hom in sy geselskap? -- Die man saam met wie hulle mekaar gehelp het, dié wat ek genoem het as ŉ voorsitter, was saam met hom.

Net hulle twee? -- Nie net hulle twee nie. Daar was ander mense gewees daar naby maar die twee het bymekaar gestaan by dieselfde plek.

Nozipho Myeza, waar was sy gewees? Tussen die gehoor of waar was sy? -- Tussen die gehoor.

Was daar by hierdie geleentheid daar voor ŉ tafel waar mense gesit het by? -- Ja, daar was ŉ klein tafeltjie gewees waarby die predikant gesit het.

Dit is beskuldigde nr. 3? -- Ja.

En die voorsitter, het hy ook daar by hom gesit? -- Ja, hy was ook daar by.

Was hulle die enigste twee wat daar gesit het by die tafel? -- Nee, daar was wel mense gewees aan weerskante van die tafel waarby hulle was, want die plek is nou vol daar.

Is dit nou deel van die gehoor wat daar op die platform loop sit het omdat die kerk te vol is of wat? -- Ja.

Waar het u die dag die eerste keer vir beskuldigde nr. 16 gesien? Tom Manthata? -- Tussen die mense daar.

Voor of tussen die gehoor of waar? -- Tussen die mense, tussen die gehoor daar.

Voor op die platform of waar die gehoor andersins in die kerk gesit het? -- Agter.

Het/...

Het hy daar gesit tot hy geroep is om te praat? -- Ja, hy het daar gesit waar ek nou net beskryf het.

Hy het tussen die mense deur geloop om voor te kom waar hy wou praat, beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata. Is dit korrek? -- Ja, ek is een van die mense wat padgegee het vir hom om verby te gaan, want hy het eintlik van agter my af gekom.

Toe die vergadering geopen is, het beskuldigde nr. 3 hom geopen? -- Wie? Die predikant?

Ja? -- Ja.

U het op geen stadium gesien daar kom mense nou net na die begin van die vergadering die saal in met ŉ banier of hulle sit ŉ banier op daar voor in die kerk nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Is daar enige rede waarom u dit nie sou gesien het terwyl die vergadering aan die gang is, dat mense opstaan en die banier aanbring hier voor in die kerk nie? Is daar enige rede waarom u dit nie sou gesien het nie? -- Dit sou nie gebeur het nie, nie terwyl ek daar was nie. Dit het nie gebeur nie.

Want u sien, beskuldigde nr. 3 het in volume 230 op bladsy 12 220 tot 1 getuig dat kort na die begin van die vergadering is daar ŉ banier "Ha re na tjelete - Asina mali" aangebring teen die preekstoel deur Mokgema en Nozipho? -- Dit kan wees dat dit gebeur het. Miskien net voor ek daar gekom het, maar terwyl ek daar was, het ek dit nie gesien plaasvind nie.

Beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata self het getuig dat teen die preekstoel was daar ŉ banier aangebring. Dit is in volume 276 op bladsy 15 034. U het hom nie gesien nie,

sê/...

sê u? -- Ek weet nie of u my reg verstaan en die hof my reg verstaan nie. My getuienis hier is nie dat ek dit betwis dat daar 'n banier was nie. Wat ek sê is dat ek self het dit nie gesien nie. Dit mag wees dat ek dit nie opgelet het nie.

Ek stel dit aan u, u geheue van die vergadering is so swak, u kan nie onthou van daardie banier wat daar reg voor die preekstoel op was volgens al die mense sover wat oor die vergadering getuig het nie? -- Met alle respek aan u, u stel dit aan my op 'n baie verkeerde manier, want ek was nie daar om te gaan sien of daar baniere was nie. My belang daar by die vergadering was om te gaan hoor wat daar gesê word wat die oplossing is.

Is dit korrek dat beskuldigde nr. 3 toe hy die vergadering geopen het, het hy maar weer gelees uit die Bybel en verwys na die stuk van die onderdrukking van die Israeliete deur die Egiptenare? -- Toe beskuldigde nr. 3 dit genoem het, het ek verstaan dat hy besig was om die gehoor daar aan te moedig deur hulle te laat verstaan en by hulle tuis te bring dat dit nie die eerste keer is wat dit gebeur nie. Dit het al vantevore gebeur.

Dit wat tevore gebeur het, is dit die onderdrukking? -- Ja.

Wat se onderdrukking het hy gesê het vantevore gebeur? -- Die Israeliete was mishandel deur die Egiptenare. Dit was teen die Here se beleid en die pyn wat ons nou voel, voel ons nie omdat ons daarvan hou nie. Dit is teen die beleid van die Here.

Na beskuldigde nr. 3 op hierdie manier die vergadering geopen het, wat het gebeur? -- Die voorsitter het toe daar

bekend/...

bekend gemaak van die resolusies wat op die 12de se vergadering geneem was. Na dit gedoen was, het hy ons laat weet van mnr. Manthata wat 'n gasspreker was van hierdie vergadering, wie hy beskryf het as 'n hoofspreker.

Wie is nou hy wat die beskryfwerk gedoen het? -- Die voorsitter het dit gedoen.

En is mnr. Manthata verder voorgestel aan die vergadering? -- Ja, die eerwaarde het toe verder bekend gemaak dat mnr. Manthata het te doene met die organisasie van die Raad van Kerke en die Civic Association van Soweto en The Committee of Ten ook van Soweto.

Was mnr. Manthata die eerste spreker na beskuldigde nr. 3 op die vergadering? -- Ja.

Na beskuldigde nr. 16, wie het gepraat? -- Patrick Baleka.

Waar was hy toe dit voorgestel is dat hy begin praat? Het hy uit die gehoor gekom of was hy uit die verhoog? -- Tussen die gehoor is waarvandaan hy gekom het.

Is hy voorgestel van waar hy is? -- Wat bekend gemaak was aan ons daar is dat hy Patrick Baleka is vanaf Soweto. van 'n organisasie van die jeugdiges.

Is die organisasie se naam genoem? -- Nee, die persoon wat hom voorgestel het, het nie die naam van die organisasie aan ons genoem nie.

Het u enige notas gemaak gedurende die vergadering? -- Nee, ek het nie.

En u het al die tyd die man se naam onthou as die spreker Patrick Baleka? -- Ek het nie geweet wat sy naam is nie.

U het hier in die hof gesê Patrick Baleka is voorgestel en hy het gepraat. Hoe het u geweet dit is Patrick Baleka

na al die tyd? -- Sy naam is genoem. Hy is beskryf en hy het toe opgestaan.

Was daar baie sprekers op hierdie vergadering? -- Hierdie dag sal ek sê was daar nie baie sprekers gewees nie.

Ongeveer hoeveel? -- Ek skat ongeveer vier of vyf.

Is hulle almal voorgestel? -- Die sprekers wat voorgestel was, is dié wie se name ek alreeds genoem het.

Gee net die name? -- Tom Manthata, Patrick Baleka, Oupa Hlomoka.

Wie nog? Is dit net die drie? -- En ʼn vroumens wat ook iets te sê gehad het daar wie nie voorgestel was nie. Ek weet dus nie wat haar naam is nie.

Was daar nog ander sprekers wat voorgestel is? -- Ek onthou nie.

Ek stel dit aan u dit is hoogs ongeloofwaardig dat u die mense se name kan onthou, maar u kan nie onthou of daar nog mense is wat voorgestel is nie? Iets wat die nog effens meer ongeloofwaardig maak is dit is net die beskuldigdes se name wat u onthou? -- Ja, dit moet so wees en ek gaan u vra om die woord ongeloofwaardig terug te trek, want ʼn man wat iets sê wat vatbaar is vir jou, wat belangrik is, sal jy nie maklik weer vergeet nie. Dit is juis die rede dat ek die mense se name onthou.

Hoe het dit gekom dat beskuldigde nr. 1 op die vergadering gepraat het? Weet u? -- Nee, ek weet nie van die rede nie.

Wie het hom voorgestel? -- Wat belangrik is is dat hy nie geroep was om te kom praat nie.

HOF : Bedoel u hy het vanself gegaan? -- Daar was gesê dat daar was ʼn persoon met hierdie naam teenwoordig hier. Hy

was/...

was nie geroep om te kom praat nie. Die persoon het toe opgestaan en hom self toe verder voorgestel dat hy van 'n organisasie is en die naam van die organisasie genoem as AZANYU en toe begin praat.

Wie het gesê hier is so 'n persoon? -- Ek kan net nie meer onthou of dit deur die voorsitter was en of dit iemand anders was wat dit gesê het nie.

Is dit al wat die persoon gesê het "Hier is so 'n persoon"? -- Ja.

En beskuldigde nr. 2, Oupa Hlomoka, is dit ook die eerste en die laaste keer wat u hom gesien het die dag met die vergadering op 19 Augustus 1984, tot vandag? -- Dit is presies so.

Is hy voorgestel deur iemand? -- Ja.

Wie het hom voorgestel? -- Die persoon wat as 'n voorsitter daar gesit het.

Hoe is beskuldigde nr. 2 voorgestel? -- Die persoon het gesê "Ons het hier iemand teenwoordig as 'n gas van AZAPO met die naam van Oupa Hlomoka." Toe het hy, wat Oupa Hlomoka is, op daardie stadium opgestaan.

En vanwaar het hy gepraat? -- Hy het 'n entjie ver van die voorsitter af gesit. Toe hy opgestaan het het hy nader gekom na die voorsitter toe vanwaar hy toe gepraat het.

Het hy op die verhoog gesit of het hy tussen die gehoor gesit, beskuldigde nr. 2? -- Hy was sommer tussen die gehoor daar.

Hoeveel nader het hy na die voorsitter toe gekom? Het hy tot op die verhoog gekom en gepraat? -- Tot by die verhoog want iemand wat daar gesit het, moes opgestaan het om plek te maak vir hom, Oupa, om te kan staan.

Kan/...

Kan u nog onthou, na beskuldigde nr. 2 gepraat het ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, mnr. Fick, gaan u voort?

MNR. FICK : Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan u miskien net hierdie mededeling opklaar. U sê die voorsitter het gesê "Hier is iemand wat die gas is van AZAPO"? -- Ja.

Dit is nie duidelik wat bedoel word nie. Kan u presies sê wat gesê is? -- Wat ek presies onthou is dat hy die persoon beskryf het op die volgende manier. Dat dit Oupa Hlomoka is, ŉ lid van AZAPO.

Maar u het vantevore gepraat van ŉ gas van AZAPO? -- Nee, u het dit nie mooi gevolg nie.

Dit bedoel hy is ŉ gas van die vergadering, maar hy is ŉ persoon van AZAPO? -- Nee.

HOF : Nee. Wat beteken dit? -- Ek het nie bedoel dat hy van AZAPO af kom as ŉ lid en hy is ŉ gas by hierdie vergadering nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is die probleem wat ek het. Ek verstaan nie wat u bedoel het by die woorde hy was ŉ gas van AZAPO nie? -- Ek het bedoel hy is ŉ man wat nie by hierdie vergadering behoort nie. Hy het net daar gekom. Hy behoort nie eintlik daar nie. Hy is ŉ lid van AZAPO vanwaar hy kom, maar hy behoort nie hier aan hierdie vergadering nie. Dus is hy ŉ man wat net kuier.

MNR. FICK : Is gesê waar kom beskuldigde nr. 2 vandaan? -- Hy woon te Sebokeng.

Ek het u laas gevra, dink ek, na beskuldigde nr. 2 gepraat het, weet u wie nog gepraat het? -- Dit was ŉ vroumens

wie se naam aan my onbekend is.

Weet u waaroor sy gepraat het? -- Ja.

Waaroor het sy gepraat? -- Wat sy gesê het was ter stawing van mnr. Hlomoka se toespraak.

Het sy nie haar eie onafhanklike onderwerp gehad nie? Sy het net gesê sy beaam wat beskuldigde nr. 2 sê? -- Wat sy gesê het is die volgende. "Ek stem saam met wat mnr. Hlomoka gesê het, dat ons dit aanvaar en verenig."

Is dit al? -- Ja.

Na die onbekende vrou, het daar nog sprekers gepraat? -- Ek onthou nie iemand anders wat na dit gepraat het nie.

K1083 Wat het na haar toespraak gebeur? -- Die vergadering het die resolusies wat daar was aanvaar. Sover ek onthou het ons toe daar Nkosi Sikilele e Afrika gesing met die oog daarop om die vergadering te sluit. Daar was toe ŉ aankondiging gemaak dat daar weer ŉ vergadering gehou gaan word op die 26ste.

Die vergadering van 19 Augustus, was dit ŉ vreedsame vergadering? -- Dit was ŉ vreedsame vergadering, baie vreedsaam.

Baie rustig? -- Baie rustig.

Was daar enige liedere gesing behalwe Nkosi Siklele e Afrika en die ander een Reya boka morena? -- Nee, geen ander liedere was daar gesing nie.

Jy sien, my geleerde vriend het hier BEWYSSTUK AAQ7 ingehandig wat ŉ berig is wat in die Sowetan van 21 Augustus 1984 verskyn het deur ene Joshua Raboroko en daar is gesê dat dit skynbaar die saak van die verdediging is wat gebeur het op die vergadering. Ek wil nie die hele berig aan u lees nie. Ek wil net die opskrif sê "Rent anger in Sharpeville.

More/...

More than one thousand five hundred angry Sharpeville residents have resolved not to pay new house rents and service charges increases to be introduced by the Lekoa Town Council as from September, 1." Dan in die eerste paragraaf sê hulle "The resolution was taken at an emotionally charged meeting." Wat sê u daarvan? -- Nee, die vergadering was nie so gewees nie.

Dan sê die heer Raboroko nog verder in hierdie berig "Members of the security police in two vehicles watched the proceedings from a distance amid shouting of Black power slogans and the chanting of songs by the crowd which cramped the church"? -- Dit was nie by die vergadering waar ek teenwoordig was nie.

Nou wil ek aan u stel, òf u geheue is so hopeloos swak oor hierdie vergadering òf u vertel nie die waarheid vir die hof volgens die res van die verdedigingsaak nie. Wat sê u daarvan?

MR BIZOS : Is the prosecutor saying that report or the defence case as a whole?

COURT : Was this report not put in as a part of the defence case?

MR BIZOS : Yes.

COURT : But you cannot blow hot and cold and then object when it is put to the witness.

MR BIZOS : No, what is being put is this report. The question that was put is the defence case. Part of the defence case including that is that there were - I do not want to say anything more in case I be accused of trying to help the witness. My learned friend is entitled to put contrary to this report. The way I understood the question is that

it/...

it is contrary to the defence case as a whole.

COURT : Well, it was put that this report was handed in as the defence case at the time, but now he is cross-examined on the defence case as set out in this report.

MR BIZOS : I have said what I wanted to say. I submit that if the prosecutor - the prosecutor is entitled to put this report to the witness and ask any questions that he wants in relation to it. This report is not the whole of the defence case.

COURT : He is entitled to put to the witness that this report was handed in as correct by the defence as being in accordance with its case, otherwise why hand it in? You cannot hand in a report just for the fun of it, Mr Bizos? And then object when it boomerangs against you.

MR BIZOS : No, Your Lordship is prejudging the issue with respect. Let me try and explain. It has not boomeranged against us. The issue in this case was - the main issue in this case is whether or not Mr Manthata and the other said that the councillors must be killed. We put this report in because of the absence of those and that is the main part and I subject that it has not boomeranged on us as Your Lordship has put it. The opening paragraph ... (Court intervenes)

COURT : Did you when putting in this report qualify by saying this report is only correct in the one aspect, it is incorrect in the other aspects?

MR BIZOS : No, let me remind you that I said nothing about it when I put it in. The witnesses for the defence have qualified the correctness of this report both in their evidence-in-chief and in their cross-examination.

(Court/...

(Court intervenes)

COURT : Before we came to the witnesses for the defence, when you used this report, how did you use it?

MR BIZOS : I used it in order to ask the witnesses that I cross-examined for the state as to whether"any of the things that are said" in that report and attributed to particular speakers were said or not and in the main the state witnesses denied that those things were said. That is why I used that report at that stage. The opening paragraph of this report may turn out to be nothing more than a sub-editor's summary of some report or other, that the reporter may have sent in. Your Lordship has not heard the reporter, Your Lordship has not heard the whole of the evidence of it and I submit to conclude that it has boomeranged on us, is an unfair conclusion for Your Lordship to arrive at at this stage.

COURT : But I was a bit surprised that you handed in this report and you handed in another report and both the reports were to a certain extent in conflict and you did not qualify to what extent you are using this report, but I am not going to argue that with you now. The question is allowed. That is your objection and your objection is overruled.

MNR. FICK : Net vir die hof se gerief kan ek die hof verwys na volume 25 bladsy 1 203 waar gesê is "Now you see, I am going to put to you that we are fortunate in this case that we have contemporaneous reports of this meeting published in two newspapers and they contradict your version of the facts." Was daar by hierdie vergadering - ekskuus, ek dink die getuie moet nog antwoord.

HOF : Vra weer die vraag.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u, òf u geheue oor hierdie

vergadering/...

vergadering is totaal vaag en swak òf die saak volgens die verdediging is nie korrek oor wat op hierdie vergadering van 19 Augustus gebeur het nie? -- As die vergadering nie in 'n goeie gees was daar nie, dat daar iets verkeerd gegaan het met die vergadering self, sou ek bewus daarvan geword het nou. Soos byvoorbeeld toe ek gevra was van 'n banier wat ek nie gesien het nie. Ek het 'n direkte antwoord gegee dat ek my nie kan voorstel dat ek dit ooit gesien het nie.

Kan u onthou of daar enige sprekers op hierdie vergadering voorgestel is of wat self gesê het hulle is van die United Democratic Front of van die vakbonde? -- Ek onthou nie, want ek self is 'n lid van die vakbondunie en ek was daar teenwoordig as 'n inwoner, nie as 'n lid van die vakbond nie.

Is daar op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 'n striemende aanval gedoen op die raadslede? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Het enigeen op hierdie vergadering van 19 Augustus gesê dat die regering is verantwoordelik vir hierdie apartheidhuise van swartes, dat hulle self die huur betaal? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Is dit glad nie gesê nie? Is dit wat ek moet aflei? -- Dat dit glad nie gesê was nie. Dit wat nie gesê was nie, is dit wat ek sê ek nie gehoor het nie. Dit kan wees dat daar iets gesê is wat ek nie gehoor het nie, wat ek moontlik kan sê dat dit nie gesê was nie. Maar omdat hierdie vergadering in 'n baie goeie gesindheid was en dat dit met vrede daar was,. geen geraas was daaraan verbonde nie, sulke praatjies sou ek gehoor het.

Het enigiemand op hierdie vergadering van 19 Augustus

1984/...

1984 die raadslede beskuldig dat hulle onregverdig is teenoor die inwoners en gesê hulle het besighede vir hulle eie profyt aangekoop? -- Ja, dit was gesê by hierdie vergadering. Dit geld ook vir die vergadering van die 5de by die raadslede se vergadering dat dit genoem is.

Wie het op 19 Augustus 1984 gesê die raadslede is onregverdig teenoor die gemeenskap want hulle het besighede vir hulle eie voordeel gekoop? -- Ek kan nie onthou wie dit was nie.

Kan u dalk onthou hoe het die persoon gesê hoekom is dit onregverdig? Wat is onregverdig daaromtrent? -- Ja, dit kan wees dat die persoon se rede om dit te gesê het was dat daar ŉ pyn is wat deur die gemeenskap gevoel word dat hulle die huur wat verhoog is moet betaal en terwyl hulle nie geld het nie.

Nee, miskien moet ek weer probeer. Ek wil nie weet kan nie. Ek sê het iemand gesê wat is onregverdig omtrent die feit dat die raadslede besighede gekoop het? -- Dit is omdat hulle die huur verhoog het, sonder om om te gee vir die ou vrouens, die pensionarisse en sonder om om te gee vir die werklose persone.

Wag nou net so ŉ bietjie. Het iemand op hierdie vergadering geloop sê dit is onregverdig dat die raadslede besighede vir hulle eie profyt koop? -- Ek kan nie meer onthou nie. U vrae is vir my so ŉ bietjie deurmekaar. Ek volg eintlik nie wat u regte vraag is nie.

HOF : Die vraag was, was die raadslede beskuldig dat hulle onregverdig is teen die inwoners en dat hulle besigheid vir eie profyt aangekoop het? -- Het ek nie daardie vraag geantwoord nie?

Wat/...

Wat was u antwoord? -- Ek het gesê nee. Herhaal die vraag vir my?

Is die raadslede beskuldig dat hulle onregverdig is teenoor die inwoners en dat hulle besighede vir eie profyt aangekoop het? -- Dit was nie 'n kwessie dat hulle beskuldig word nie. Daar was wel so iets gesê.

Maar in watter verband? -- In die verband dat daar gekla was deur die gemeenskap dat hulle die gemeenskap laat betaal het of die huur verhoog het en terwyl hulle, die raadslede, besighede het.

MNR. FICK : Het iemand op die vergadering van 19 Augustus 1984 enige raadslede uitgesonder wat so onregverdig is? -- Nee, ek onthou nie.

Het u enige kennis, persoonlike kennis van die omstandighede waaronder raadslede besighede gekoop het? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Het enigiemand op daardie vergadering probeer uitvind of gevra "Maar kan ons nie net uitvind wat is die omstandighede voor ons die raadslede beskuldig nie?" -- Ek onthou nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 26 JANUARIE 1988.

K1084 HOF HERVAT OP 26 JANUARIE 1988.

VICTOR MATABANE MBATYAZWA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons is nog by die vergadering van 19 Augustus 1984. Is enigeen op daardie vergadering se toespraak vertaal?

HOF : Getolk?

MNR. FICK : Getolk? -- Ja.

Wie se toespraak? -- Tom Manthata.

Is dit die enigste een wie se toespraak getolk is?

En/...

-- En Patrick Baleka.

Beskuldigde nr. 16, Tom Manthata, het hy terwyl hy gepraat het enige papier in sy hand gehad? -- Ek onthou nie dat ek dit gesien het nie.

As hy 'n dokument of 'n papier in sy hand gehad het waarna hy kort-kort gekyk het terwyl hy sy toespraak gemaak het waarvandaan hy sy geheue verfris het, dan sou u dit gesien het? -- Ek onthou nie dat ek dit gesien het nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering verwys na die kwessie van dat daar onvoldoende konsultasie is tussen die regering en die gemeenskap in die woongebiede? -- As daar so iets gesê was, kan ek nie onthou dat ek dit gehoor het nie. Dit is miskien weens die feit dat dit lank terug plaasgevind het.

As u nie 'n ding kan onthou nie, sê net vir die hof "Ek kan nie onthou nie" dan is ons heeltemal tevrede. Het enigiemand op die vergadering gesê dat daar vooraf onderhandel moet word met die raadslede? -- Ja.

Weet u wie? -- Ja.

Wie? -- Mnr. Tom Manthata.

Nr. 16. Het enigiemand in hierdie vergadering verwys na die woongebied Ratanda of Mohlakeng? -- Ja, ek onthou dat dit so gesê was.

Wat het die persoon gesê van die twee gebiede? -- Die persoon het gesê dat hierdie soort van moeilikheid wat ondervind word oor die huur, was alreeds by hierdie plekke gewees. Dit was in daardie verband dat die twee plekke genoem was.

Is dit al wat oor hierdie twee plekke gesê is wat u kan onthou? -- Ja, wat ek onthou.

Het/...

Het enigiemand op die vergadering verwys na die militêre begroting? -- Ek onthou nie dat ek so iets gehoor het nie.

Kan u onthou of iemand op hierdie vergadering verwys het na die verhouding tussen ouers en kinders? -- Nee, ek onthou dit nie so mooi nie.

Kan u onthou of enigiemand verwys het na die feit dat mense georganiseer moet word? -- Georganiseer word vir wat?

In organisasies of in - kom ons neem eers organisasies? -- Nee, onthou nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat die mense moet georganiseer word sodat hulle hulp kan ontvang van ander organisasies? -- Ek onthou dit nie mooi nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat die jeug het nie die raadslede gekies nie? -- Dat die jeugdiges nie die raadslede gekies het nie?

Ja? -- Hoekom was dit gesê?

HOF : Nee, die vraag is, was so iets gesê? -- Nee, ek onthou nie dat dit gesê was nie.

MNR. FICK : Was daar op hierdie vergadering verwys na ŉ manier wat raadslede in die vorige verkiesing aangewend het om verkies te word? -- Ek kan nie nou meer sê wie van die sprekers daarvan melding gemaak het nie.

Kan u onthou wat die spreker of sprekers sou gesê het wat is die maniere wat die raadslede aangewend het om stemme te werf? -- Dat hulle die gemeenskap sal verteenwoordig ten opsigte van die probleme wat die gemeenskap ondervind. Byvoorbeeld soos die verhoging van huur. Dat hulle sal toesien dat die huur nie verhoog word nie. In plaas daarvan dat dit verhoog word, kan dit liewers verminder word. Die bejaarde pensioenarisse wat in die nag na die saal toe gaan

om/...

om die nag daar deur te bring, met die oog daarop om die pensioengelde te kry, sal hulle toesien dat dit nie gebeur nie. Dit is gesê dat hulle geld per pos afgelewer sal word by verskillende adresse en dat die bejaarde vrouens ook nie huur sal betaal nie. Dit is die beloftes wat hulle gemaak het.

HOF : Is ons nou besig met dieselfde ding? Is dit gesê op die vergadering? -- Dit is die beloftes wat die raadslede gemaak het aan ons toe hulle gevra het dat ons vir hulle moet stem.

Maar die advokaat vra vir u oor wat op die vergadering gesê is en dit is die vergadering van 19 Augustus waarmee ons besig is.--Dit is reg. Die vraag was, het enige spreker, enige aanhaling gemaak van beloftes wat gemaak was deur die raadslede. In antwoord sê ek dit is wat gesê is.

MNR. FICK : Het niemand op die vergadering van 19 Augustus 1984 gesê "Maar kyk, die raadslede het die mense omgekoop, die ou mense omgekoop om vir hulle te stem" nie? -- Ek onthou nie dat ek daarvan gehoor het nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 gesê "Kyk, maar die gemeenskap het mag, maar die gemeenskap weet nie hoe om hierdie mag van hulle te gebruik nie"? -- Ja.

En het iemand op die vergadering gesê"Dit het nou tyd geword dat die gemeenskap hierdie mag van hulle wys? -- Ja.

Nou stel ek dit aan u, dit is beskuldigde nr. 16 wat dit gesê het. Is dit reg? -- Ek betwis dit nie.

HOF : Onthou u dit so of sê u net dit is moontlik? -- Ek sê dit is reg dat dit gesê was en indien dit gesê word dat hy die man is wat dit gesê het, kan ek dit nie betwis nie.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Het iemand op die vergadering gesê maar die gemeenskap het die raadslede gevra om te bedank en vir hulle gevra om nie die huur te verhoog nie, maar hulle hoor nie? -- Dit wat ek nou stel dat daar 'n versoek was, dit het ek nie gehoor nie.

Is dit moontlik dat dit gesê is maar u het dit nie gehoor nie? Of u onthou dit nie meer nie? -- Wat ek wel gehoor het was nie op hierdie manier soos u dit nou hier voor die hof stel nie.

Hoe onthou u dit? -- Dat daar gevra moet word dat die raadslede moet bedank.

Kom ons deel die ding op en kyk of ons so kan reg kom. Kan u onthou of iemand op die vergadering gesê het "Ons het die raadslede gevra om nie die huur te verhoog nie, maar hulle hoor nie?" -- Die raadslede het nie die gemeenskap genader met die oog daarop om hulle in te lig aangaande die verhoging van die huur nie. So, dit was onmoontlik gewees vir enigeen om aan die raadslede te kan sê of te vra om nie die huur te verhoog nie.

HOF : Beteken u antwoord dat dit nie gesê is nie? -- Dit was nie gesê nie.

MNR. FICK : Maar ek verstaan nie u antwoord nie. Was dit op die vergadering van 5 Augustus 1984 volgens u getuienis nie op daardie stadium al gepraat en beswaar gemaak deur lede van die gemeenskap teen die verhoogde huur nie? -- Nee, nee, nee, as u my reg verstaan het was my getuienis - ek hoop u het my nie verkeerd verstaan nie. Op die 5de het die raadslede vir ons kom sê dat die huur verhoog is. Hulle het ons nie kom vra of die huur verhoog kan word nie. Dus daar was net vrae gevra en geen versoeke gerig dat die

huur/...

huur nie verhoog moet word nie, want hulle het ons nie gevra nie, hulle het ons kom sê.

Net laastens op hierdie ding, ek wil nie draai op hierdie ding nie, maar op 5 Augustus 1984 se vergadering het die gemeenskap nie vir die raadslede gesê moenie die huur verhoog nie, ons maak beswaar daarteen nie? -- Nee, die raadslede was nie daar gewees om vir ons te vra of ons tevrede was met die verhoging van die huur nie. Hulle het net vir ons kom sê dat die huur verhoog is. Ons het dus by hulle gekla daaromtrent. Ons het hulle nie gevra hoekom hulle dit gedoen het nie.

Ons sal terugkom na 5 Augustus se vergadering. Ek stel aan u dat beskuldigde nr. 16 het nadat hy gesê het die gemeenskap het krag en hulle weet nie hoe om dit te gebruik nie en ek stel dit aan u daarna het beskuldigde nr. 16 gesê "Ons het die raadslede gevra om nie die huur te verhoog nie en hulle werk te los, maar hulle hoor nie", het hy 'n papier uitgehaal en hy het dit opgeskeur en hy het vir die mense gesê dit is nou net so goed as om hierdie ding aan die brand te steek? -- Soos u dit aan my gestel het, gaan ek dit in antwoord aan u stel wat gebeur het. In die eerste plek, Manthata is nie 'n inwoner van Sharpeville nie. Dus Manthata weet nie van die vergadering tussen ons en die raadslede nie. Manthata se voorstel was dat ons 'n vergadering moet gaan hou en besprekings uitvoer met die raadslede aangaande die verhoging van die huur en nie wat u nou net aan my gestel het nie. As sy toespraak dan dit was wat ek nou net vir die hof genoem het, hoe kon hy dan dit wat u nou aan my gestel het ook gesê het, want dit is nie dieselfde ding waarvan u praat nie?

Ek/...

Ek stel dit aan u beskuldigde nr. 16 het ook gesê in sy toespraak "Maar julle moet nie by die raadslede se winkels, se drankwinkels en garages, motorhawens koop en hulle ondersteun nie"?

HOF : Dit is drie winkels. Winkels, drankwinkels of het u uself gekorrigeer en gesê in plaas van winkels, drankwinkels?

MNR. FICK : Winkels, drankwinkels en motorhawens. -- Nee, in antwoord sê ek indien dit so gesê word dan is dit 'n valse beskuldiging teenoor Manthata. 'n Persoon wat melding daarvan gemaak het, was Oupa Hlomoka.

Hoe het beskuldigde nr. 2, Oupa Hlomoka, melding gemaak daarvan op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984? -- Oupa Hlomoka het dit op die volgende manier gestel. Hy het gesê omdat die raadslede hierdie moeilike situasie geskep het vir die gemeenskap wat probleme veroorsaak het vir die mense, om die raadslede ook die pyn te laat voel, dat hulle iets gedoen het sonder om die gemeenskap in ag te neem, dat die raadslede se besighede geboikot word. Wat dan sal veroorsaak dat hulle ook dieselfde pyn voel as wat ons voel om terug by ons te kan aansluit. Dit is hoe Oupa Hlomoka dit gestel het.

Is dit nie dalk as volg nie, dat nadat beskuldigde nr. 16 hiervan melding gemaak het, van die boikot van raadslede se besighede, was daar nie so 'n resolusie gewees nie en toe het beskuldigde nr. 2 opgestaan en gesê "Ek stel so 'n resolusie voor" en daarom is die resolusie aanvaar? -- Dit is nie so nie. Dit is u eie weergawe.

Ek stel dit aan u dat beskuldigde nr. 16 daarna gesê het dit is tyd dat hierdie raadslede gedood word, hulle wil nie bedank nie, hulle behoort gestenig en verbrand te word.

Dit/...

-- Dit was nooit gesê nie. Indien daar so iets gesê was daar, ek is een persoon wat gekant is teenoor geweld. Ek sou nooit na daardie vergadering probeer het om nog by 'n vergadering teenwoordig te wees nie. Dus, omdat dit nie gesê was nie, was ek nog nuuskierig om vergaderings by te woon.

Maar dit is 'n feit dat u daarna nie weer vergaderings bygewoon het nie? -- Ja, maar omdat daar ander redes was wat dit veroorsaak het. Dit is verskillende redes as dié wat u nou net genoem het.

Op hierdie punt wil ek u vra, hierdie dokument wat u op 2 September 1984 in u erf gekry het, het dit ook gepraat van die optog na Houtkop? -- Nee, nee, stel dit eers reg. Dit was nie op 'n perseel opgetel nie, maar in 'n straat.

In elk geval, die dokument wat u nou daar gekry het 2 September 1984, het hy verwys na 'n "stay-away" eerstens op 3 September? -- Die boodskap in daardie papier wat ek opgetel het was geadresseer aan die kinders, die onderwysers en die werkers. Dit het bekend gemaak dat daar die volgende dag nie werk toe gegaan word nie omrede daar gekla gaan word oor die verhoogde huur en verder wat daarin genoem was, was dat om 09h00 op die 3de sal daar 'n vergadering gehou word by die Roomse Kerk te Small Farms.

Het die dokument gesê waar gaan gekla word oor die verhoogde huur? -- Dit was nie verduidelik nie. Al wat gesê was in daardie dokument was aangaande die verhoging van huurgelde.

U het nie hierdie vergadering gaan bywoon wat geadverteer is nie? -- Nee, ek het nie.

Hoekom nie? -- Ek het nie veel ag geslaan daarop nie, want ek het net 'n stukkie papier opgetel wat besig was om 'n

aankondiging/...

aankondiging te maak van die vergadering. Ek het niks te doene gehad met daardie vergadering nie. Dus het ek nie belang gehad om dit op te volg nie. Onmiddellik na ek daardie stukkie papier gelees het, het ek dit weer weggegooi.

U het vergaderings bygewoon, 12 en 19 Augustus 1984 oor die huurkwessie. Hier kry u nou 'n dokument wat nog 'n vergadering adverteer oor die huurkwessie. U sit by die huis, u doen niks nie. Hoekom gaan u nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek woon in Sharpeville. Hierdie stukkie papier wat ek opgetel het maak melding van 'n plek in Evaton. Ek weet nie wat die mense van Evaton se prosedure is, hoekom dit gedoen word nie, dus het ek gaan belang gehad nie. Ek het nog geen vergadering bygewoon te Evaton of Sebokeng nie.

Is dit nie so dat na jy by die vergadering van 19 Augustus was en jy gehoor het die toespraak van beskuldigde nr. 16 en die ander toesprake nie, het u besef die ding gaan hand uit ruk en toe het u weggebly van 3 September se opmars en die verdere vergaderings nie? -- Dit is nie die waarheid nie.

Ek sal nou afstap van daardie aspek. Ons is nog steeds by die vergadering van 19 Augustus 1984 wat u bygewoon het. Beskuldigde nr. 1, wie het hom voorgestel? -- Die persoon wat daar voor was wat eerwaarde Moselane daar bygestaan het, het hom, beskuldigde nr. 1, voorgestel.

<u>HOF</u> : Dit is die voorsitter? -- Ja, ek kan so sê, want die persoon het daar voor opgetree. Ek neem maar aan hy was die voorsitter.

<u>MNR. FICK</u> : Het hy hom voorgestel as 'n man van AZANYU? -- Nee. Wat daardie persoon gesê het was dat die persoon Patrick Baleka 'n lid is van 'n organisasie van jeugdiges.

Het/...

Het enigiemand op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 na die raadslede verwys as 'n klomp "puppets"? -- Ek onthou nie dat ek dit met my ore gehoor het nie.

HOF : Wat beteken dit? Beteken dit dit is moontlik dat dit gesê is of beteken dit dat dit nie gesê is nie? -- Dit is moontlik dat dit gesê was dat ek dit nie gehoor het nie.

MNR. FICK : Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat as die mense nie die huur betaal nie sal Mahlatsi sy inspekteurs stuur om die mense uit die huis te sit? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Het enigiemand gepraat van algemene verkoopsbelasting op die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ja.

Weet u wie? -- Mnr. Baleka.

Wat het hy gesê oor algemene verkoopsbelasting? -- Hy het gesê dit is verhoog.

Het hy net gekla oor algemene verkoopsbelasting? -- Ja. Dit is na hy 'n toespraak gemaak het oor wat die gemeenskap se probleme is en na dit het hy toe ook melding hiervan gemaak dat dit ook verhoog is.

Het iemand op hierdie vergadering van 19 Augustus gesê dat dit is nou al lank dat die raadslede die mense onderdruk? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê dat as Mahlatsi die huurgeld verhoog, moet Mahlatsi die verhoogde huur maar betaal, want die mense het nie geld nie? -- Dit was nie gesê nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê dat die Swartmense word van hulle regte beroof? -- Beroof deur wie?

HOF : Nee, nee, die vraag is net of dit gesê is so? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Het iemand op hierdie vergadering gesê dat die geld wat ingesamel word as huur van die Swartmense word tot voordeel van die blankes gebruik? -- Nee.

Het iemand op die vergadering gesê maar die raadslede verhoog die huur, maar hulle maak nie seker waarvoor die geld gebruik word, of dit vir elektrisiteit in die huise gebruik gaan word of die paaie geteer gaan word nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou of enigiemand op hierdie vergadering verwys het na die mense in die tuislande? -- Ja, ek onthou dat daar so iets gesê was.

U weet nie wie dit gesê het nie? -- Ek kan nie so goed onthou deur wie dit gesê was nie.

U kan ook nie onthou in watter verband is daar verwys na die tuislande en die Transkei nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê maar kyk hierdie verhoogde huurgeld gaan deur die Weermag gebruik word? -- Nee.

Kan u nie onthou nie of was dit nie gesê nie? -- Dit was nie gesê nie.

Het iemand op die vergadering gesê dat as hierdie verhoogde huur betaal word moet die mense seker maak dat dit gebruik word vir die doel waarvoor dit ingesamel is? -- Verstaan ek u reg dat u stelling is dat iemand gesê het dat die mense wat die geld betaal sal moet toesien dat die geld vir die regte doel gebruik word waarvoor dit ingesamel is?

Ja? -- Ja.

Weet u wie dit gesê het? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê die raadslede

vat/...

vat die mense van die onderdruktes, maar hulle is nie deur hulle verkies nie, hulle is deur die regering aangestel? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Beskuldigde nr. 1, toe hy gepraat het, het hy gesê hy kom van Soweto af, hy is gestuur deur die jeug van Soweto om hulle te verteenwoordig by hierdie vergadering en om hulle solidariteit met die mense van die Vaal te betoon in hierdie stryd teen die verhoogde huur? -- Dit is nie die waarheid nie.

Beskuldigde nr. 2, toe hy sy mosie voorgestel het oor die boikot van die raadslede, het hy dit gemotiveer en gesê hoekom hy dit voorstel? -- Ja.

Hoe het hy sy mosie gemotiveer? -- Wat hy gesê het was dat die moeilikheid wat veroorsaak word deur die huur word daar gebring deurdat daar nie ŉ goeie gevoel is vir die gemeenskap nie. Dit is hoekom dit daar is, want hulle is die eienaars van besighede waardeur hulle geld ontvang, geld wat spandeer word deur hierdie arm mense. Hulle het geen gevoel om ou mense ook maar jammer te kry nie. Mense wat geld eers ontvang na ŉ maand, dit wil sê dit is die bejaardes wat pensioengeld kry. Hulle het ook nie in ag geneem van hierdie baie mense tussen die gemeenskap wat werkloos is nie. Dit is omdat die mense se besighede goed aangaan. Dit was om daardie rede, soos genoem deur my, dat hy hierdie voorstel gemaak het.

Het hy ook gesê dat die mense moet die boikot nie sien as ŉ persoonlike manier om die raadslede te beveg nie? -- Wat hy gesê het was dat om hierdie te doen, sal die mense moet verstaan dat ons eintlik nie met hulle as persone baklei nie, maar dit is ŉ manier wat probeer word om hulle die

pyn/...

pyn te laat voel wat ons voel, dat hulle daarvan bewus moet word sodat hulle ook na dit gebeur het met ons kan staan en aan ons kant te wees en dan sal daar 'n gevoel wees om die mense jammer te kry.

Ek wil dit aan u stel dat beide beskuldigdes nrs. 3 en 16 en dit blyk soos beskuldigde nr. 2 ook nie met u saamstem oor wat u nou getuig nie. Volgens hulle getuienis is daar glad nie verduidelik deur beskuldigde nr. 2 waarom hierdie boikot vir die besighede moes plaasvind soos u nou probeer verduidelik vir die hof nie? -- In die toesprake daar by hierdie vergadering was dit gesê en redes oorgedra aan die gehoor hoekom beskuldigde nr. 2 hierdie voorstel gemaak het. Dit is die boikot van die besighede. Ek sal nie met hulle stry as hulle sê dat beskuldigde nr. 2 dit nie persoonlik gesê het nie. Ek sê iets was gesê in die agtergrond hoekom hierdie voorstel gemaak word. Dit mag wees dat dit deur iemand anders gesê was, maar volgens my geheue was dit hy, maar ek betwis nie wat hulle sê nie.

Nou vra ek u, terwyl u nou omswaai en sê u weet nie wat dit is nie, is dit nie moontlik dat dit beskuldigde nr. 16 is wat gepraat het oor die boikot nie? -- Manthata, dit is nr. 16, het op geen stadium 'n voorstel gemaak dat die raadslede se besighede geboikot moet word nie.

Het niemand op hierdie vergadering gevra maar nou wat van die mense wat nou wel hierdie verhoogde huur gaan betaal na hierdie resolusie aanvaar is dat die verhoogde huur nie betaal moet word nie? -- Iemand anders kon dit gehoor het en dat ek dit nie gehoor het nie, maar ek het dit nie gehoor nie.

Was daar enige rede op hierdie rustige vergadering wat

u aan die hof beskryf het waarom u nie sal kon gehoor het wat die sprekers sê nie? -- Ja, daar is partykeer sekere dinge waaraan 'n mens meer aandag gee. Terwyl jy daaraan dink as 'n belangrike ding wat jy meer aandag aan gegee het, en hier sê iemand anders iets en jy kan hoor die persoon praat, maar dit registreer nie by jou nie, dit is van daardie tipe dinge wat ek praat.

Het iemand op hierdie vergadering gesê - dit is nog steeds die vergadering van 19 Augustus - dat die raadslede het mag wat hulle verkeerd gebruik? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê maar daar sal mense wees wat hierdie verhoogde huur gaan betaal, want hulle is bang om uitgesit te word uit die huis uit? -- Ek onthou nie dat ek dit gehoor het nie.

Nou stel ek dit aan u op hierdie vergadering het Nozipho Myeza gepraat en sy het gesê as sy iemand kry ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Gaan dit nou korrek getik word op die rekord, as u die naam noem wat nie klink soos wat ek al vantevore gehoor het nie? Hoe gaan dit op die rekord verskyn? Sal u maar 'n briefie gee aan die dame? -- Ek sal 'n briefie gee.

MNR. FICK : Ek sal 'n briefie gee. Ek stel dit aan u Nozipho Myeza het gepraat op hierdie vergadering en sy het gesê as sy iemand sien wat by hierdie raadslede se winkels koop, sal daardie gedood word en hulle sal gebrand word? -- Praat u nog van die vergadering van die 19de?

Korrek? -- Nie by hierdie vergadering nie. Nozipho het nie daar gepraat nie.

Ek/...

Ek weet nie of ek vir u gevra het nie, maar Nozipho, waar in die vergadering was sy? Was sy in die gehoor, was sy voor op die verhoog of waar was sy? -- Daar agter tussen die gehoor was sy gewees.

Het iemand op hierdie vergadering van 19 Augustus notule geneem? -- Ek onthou nie dat ek dit gesien het nie.

Albert Botha, ken u so ŉ persoon? -- Op daardie stadium het ek hom nie geken nie. Ek het hom eers leer ken na hierdie voorval van die vergadering.

Waar het u vir Albert Botha na hierdie vergadering leer ken? -- Ek het hom leer ken na die onluste in Sharpeville waar ons besig was om vrede te maak tussen die raadslede en die gemeenskap.

HOF : Op ŉ vergadering? -- Ja.

MNR. FICK : Was Albert een van die vredemakers? -- Dit is reg, ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wanneer was dit? -- Ek kan nie meer presies die datum onthou nie, maar dit was in die volgende week na die week van hierdie onluste.

Na die begin van die onluste? -- Ja.

MNR. FICK : En het u Albert gereeld gesien in daardie tyd? -- Nee, behalwe as ons ŉ vergadering gehou het waar ons altyd vergader het waar ek hom gesien het, het ons nie mekaar gereeld gesien nie.

Was daar iets eienaardigs of buitengewoon aan Albert gewees met die vergaderings? Was hy normaal? Het hy normaal opgetree op die vergaderings? -- Ja, hy was normaal gewees. Daar was niks abnormaal aan hom nie.

Hy is nie ŉ dronklap nie? -- Nee, ek is nie altyd by hom waar hy gebruik maak van drank nie.

Maar ek bedoel hy het nie op die vergaderings gedrink aangekom nie? -- Hoe sien ʼn mens ʼn persoon wat dronk is?

HOF : Weet u nie? -- My moeilikheid is en dit is hoekom ek gevra het, by ʼn vergadering weet ek nie hoe sou ʼn mens agterkom as een dronk is of gedrink is as hy na die vergadering kom nie. Hoe sal ʼn mens dit vasstel? As gevolg van die manier van praat of sy loop of waaraan kan ʼn mens dit oplet in ʼn vergadering as ʼn persoon dronk is?

MNR. FICK : Op die vergadering van 19 Augustus 1984 was Albert nie ʼn spreker nie. Is dit wat u sê? -- Ek het nou net pas vir u gesê dat op daardie tydstip het ek nog nie vir Albert geken nie. Eintlik, watter vergadering vra u nou oor?

Ek het nou net vir u gesê die vergadering van 19 Augustus? -- Maar ek het dan vir u gesê wanneer ek die persoon vir die eerste keer leer ken het.

HOF : Maar nou is dit ʼn bietjie moeilik om te verstaan wat u bedoel. Bedoel u dat hy kon gepraat het op die vergadering van 19 Augustus, maar omdat u hom nie geken het nie u nie sal onthou nie of bedoel u hy het nie daar gepraat nie en u het hom eers op ʼn later vergadering vir die eerste keer gesien en leer ken? -- Het ek hom gesien vantevore, dit wil sê voor hierdie vrede maak vergaderings, sou ek vir die hof hier gesê het die persoon het ek al vantevore gesien, ek het nie geweet wat sy naam is nie, maar ek het sy naam leer ken na ons bymekaar in ʼn vergadering was, maar omdat ek hom ie vantevore gesien het nie en hom vir die eerste keer gesien het en leer ken het by hierdie vergadering, is dit hoekom ek sê dat ek hom leer ken het na die begin van die onluste.

HOF VERDAAG VIR TEE.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-28-332**
*Document Title:-* **Vol 332 p 18930-18972. Witness: Mbatyazwa**